

# KULTUURRADE VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA: HISTORIESE OORSIG OOR DIE KONSTITUSIONALISERING EN INSTITUSIONALISERING VAN KULTURBELANGE IN 'N PLURALE SAMELEWING

DJ Kriek<sup>1</sup>

## *Summary*

*The South African Constitution provides for the establishment of cultural councils in the country. This article traces the origin of the concept in South Africa and how it developed since it was first proposed round about the mid-seventies of the previous century. Contributions by individuals, commissions of enquiry, political parties, government departments, the KwaZulu-Natal Indaba, the Constitutional Assembly and even the example of the Belgian political system are all investigated and evaluated. To a large extent the article is based on the proposals and contributions made by the author in this regard as well as on the prospects for a future dispensation in which cultural councils for various groups could balance and support one another for the sake of maintaining unity and diversity in society and the state.*

## 1. INLEIDING

Gedurende die sewentigerjare van die twintigste eeu het rasseverhoudinge in Suid-Afrika vinnig verswak. Twee redes kan daarvoor aangevoer word. Eerstens het die regering se apartheidsbeleid toenemende spanning tussen groepe veroorsaak. Tweedens het bevrydingsbewegings soos die ANC en die PAC hulle pogings verskerp om 'n magsoorname in die staat te bewerkstellig.

Vanweë die verswakkende politieke, ekonomiese en veiligheidsituasie in die land het die amptelike opposisie in die Parlement (die Verenigde Party) onder leiding van sir De Villiers Graaff besluit dat iets drasties gedoen moes word om die toenemende spanning, konflik en geweld te ontloot en die land in 'n nuwe rigting te stuur. Sir De Villiers het sy "Red Suid-Afrika"-veldtog van stapel gestuur en onder meer 'n nuwe en sterker opposisieparty in die vooruitsig gestel ten einde die regering in 'n nuwe rigting te dwing (*Pretoria News*, 5 Oktober 1976; *Rand Daily Mail*, 6 Oktober 1976; *Beeld*, 6 Oktober 1976; *Citizen*, 6 Oktober 1976).

Vir hierdie doel is 'n kommissie onder leiding van oud-regter Kowie Marais tot stand gebring wat die moontlikheid vir die ontstaan van so 'n sterker politieke party moes ondersoek. Behalwe die regter as voorsitter het die kommissie uit drs. Frans

<sup>1</sup> Emeritusprofessor, Politieke Wetenskappe, Universiteit van Suid-Afrika.  
E-pos: [kriekd@cybertrade.co.za](mailto:kriekd@cybertrade.co.za)

Cronjé en Jan Steyn en prof. Dan Kriek (VP) (die outeur van hierdie artikel), drs. Frank Robb en Frank Bradlow en mnr. Max Borkum (PRP), asook prof. SA Strauss (later mnr. Piet Nel) (DP) bestaan.

Na 'n wekelange ondersoek gedurende Oktober/Desember 1976 en nadat getuienis van die drie betrokke partyleiers (sir De Villiers Graaff, mnr. Colin Eglin en mnr. Theo Gerdener) en ander openbare persoonlikhede uit alle dele van die bevolking aangehoor is, het die kommissie die stigting van 'n nuwe party op grond van 14 beginsels en 'n aantal beleidsuggesties aanbeveel (*Volkstem*, Oktober 1976; *Volkstem*, November 1976).

Een van die 14 beginsels het uitdruklik oor kultuurbelange gehandel. Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel hoe die voorstelle oor die rol van kultuur in die samelewing verder gevoer en uiteindelik in die Grondwet van 1996 gestalte gevind het. In hierdie verband sal die bydraes van individue, kommissies van ondersoek, politieke partye, staatsdepartemente en ander grondwetlike inisiatiewe en reëlings ondersoek en evalueer word.

## **2. DIE KOWIE MARAIS-KOMMISSIE SE AANBEVELINGS OOR KULTUURBELANGE – 1976**

Toe sir De Villiers die outeur in Oktober 1976 genader het om aan 'n ondersoek oor die stigting van 'n nuwe politieke party deel te neem (en wat op die ontstaan van die Kowie Marais-kommissie uitgeloop het), was hy aanvanklik huiwerig om aan sy versoek te voldoen. Hy het in daardie stadium reeds toestemming van UNISA ontvang om gedurende 1977 met langverlof te gaan om federale/konfederale reëlings in Switserland, Oostenryk, Duitsland, België, die VSA, Puerto Rico (wat op unieke wyse aan die VSA gekoppel is), Brasilië en Argentinië te ondersoek met moontlike toepassingsgeleenthede op Suid-Afrika in die toekoms. As konfederale model, sou aandag aan die Europese Ekonomiese Gemeenskap gegee word. Graaff het die outeur die versekering gegee dat die saak spoedeisend was en sy verlofplanne hoegenaamd nie behoort te beïnvloed nie.

In die voorbereiding vir die outeur se langverlof is toe reeds heelwat opleeswerk oor die konstitusionele reëlings in verskillende lande gedoen. In die proses is met die kultuurrade in België kennis gemaak en besef dat soortgelyke instellings ook moontlikhede vir Suid-Afrika ingehou het. Toe die VP-leier die outeur daarna in Johannesburg ook nog nader om 'n Program van Beginsels vir die voorgename party voor te berei, is (met insette van dr. Gideon Jacobs) 14 beginsels geformuleer waarin kultuurbelange 'n prominente plek ingeneem het. Hierdie 14 beginsels is as basis vir die kommissie se samesprekings en ondersoek gebruik en nadat die onderhandelinge tussen die partye afgehandel is, is 'n gewysigde program van 14 beginsels by die

partyleiers aanbeveel (UNISA, VP-argief, Kriek–Kowie Marais-kommissie. Hierna bloot verwys as VP-argief; Jacobs 1985).

Die bespreking in die kommissie oor die rol van kultuur in die samelewing het rondom die konsep “kultuurrade” plaasgevind. In sy finale verslag is gevolglik onder meer aanbeveel dat “(5) (i)n a plural society like that of the Republic, a constitution and an entrenched Bill of Rights guaranteeing the rights of individuals and minorities are essential. These must be guarded over by a Judiciary, appointed by an independent authority.”

En verder is bepaal dat “(9) (t)he party guarantees the right of all our people to maintain their religious, language and cultural heritages, as well as the right to develop these heritages, provided that this does not encroach on the rights of others” (*Volkstem*, Januarie 1977).

Toe sir De Villiers die kommissie se aanbevelings later aan die publiek voorgehou het, het hy dit onder meer in die volgende woorde gedoen:

“I wish to express my thanks to the steering committee for the work it has done and for the valuable report it has published.

It is already clear, however, that the findings of the steering committee are not only consistent with the main objectives of the opposition, but contain important elements that can command the approval of Nationalist supporters who have become disillusioned with Government policies.

In this regard recognition is given to the right to preserve the heritage and therefore the identity of individual groups, ...

So far as the United Party is concerned, its essential policies and principles are all provided for.

These include decentralization on a federal basis, freedom from domination of minorities by a majority, the removal of statutory discrimination, the right of free association without forced integration or segregation, the maintenance of the private enterprise system, the maintenance of the freedom and dignity of the individual, the right of groups to maintain their cultural identity, and the necessity for consultation in creating a society in which these can be upheld” (*Volkstem*, Januarie 1977).

Nadat bogenoemde partyleiers die verslag aanvaar en onderteken het, het die taak gewag om die nuwe party te stig en die publiek in opposisie teen die regering se apartheidsbeleid te mobiliseer om 'n nuwe konstitusionele bedeling vir Suid-Afrika tot stand te bring. Hierdie mobilisering sou op basis van die Kowie Marais-kommissie se 14 beginsels en gepaardgaande beleidsaanbevelings geskied (*Pretoria News*, 29 Oktober 1976; *Transvaler*, 29 Oktober, 1976; *Rand Daily Mail*, 9 November 1976; *Rand Daily Mail*, 18 November 1976; *Rand Daily Mail*, 25 November 1976; *Rand Daily Mail*, 21 Desember 1976; *Volkstem*, November 1976).

### **3. DIE NUWE REPUBLIEK PARTY (NRP) EN DIE PROGRESSIEWE REFORMISTE PARTY (PRP) SE KULTURBELEID**

Soos reeds vermeld, het die besprekings in die Kowie Marais-kommissie oor kultuur rondom die Belgiese kultuurrade plaasgevind. Dit is daarom vanselfsprekend dat hierdie instellings ook neerslag in die beleidsvoorstelle van die te stigte nuwe party sou vind en dat kortliks na omstandighede en reëlings in daardie land gekyk moet word.

Die Belgiese bevolking bestaan hoofsaaklik uit drie groepe. Die Vlaminge (Nederlandsprekend) is die grootste en welvarendste groep, maar moet voortdurend met die Wallone (Franssprekend) op kulturele gebied meeding. Wat die probleem verder bemoeilik, is dat Brussel, die hoofstad, binne Vlaamse gebied lê, maar deur 'n Franssprekende meerderheid oorheers word. Binne die Brusselse gebied brei Walloonse belange en getalle voortdurend uit en met hulle sterker kultuur- en internasionale taal, nl. Frans, maak hulle die lewe vir die Vlaamse minderheid in die stad soms baie moeilik. Bo en behalwe bogenoemde twee groepe, is daar ook nog 'n redelik klein Duitssprekende minderheid wat aan die oosgrens met Duitsland woon en wat op die beskerming van hulle kultuurbelange aandring.

Met die oog op die beskerming en uitbouing van elke groep se kultuurbelange is mettertyd vir kultuurrade voorsiening gemaak en het hierdie instellings 'n permanente plek in die owerheidstruktuur verwerf. Hierdie instellings het egter hulle eie evolusie ondergaan na gelang die konstitusionele en federale reëlings in België verder ontwikkel en vorm aangeneem het. Kultuurrade het sowel in bevoegdheids as funksies in belangrikheid toegeneem en is met verloop van tyd in gemeenskapsrade omskep wat die federale en owerheidstruktuur aansienlik uitgebrei het (Kriek, 1996).

Hoe dit ook al sy, dis by hierdie reëlings en ontwikkelinge dat die voorgenome nuwe party in Suid-Afrika aansluiting moes vind. Dit was egter makliker gesê as gedaan. Uiteindelik het die eenwording van die drie opposisiepartye onoorwonne probleme opgelewer. In die proses het 'n groep VP-lede na regs afgeskilfer en by die Nasionale Party beland, terwyl 'n ander groep na links weggebreek het en by die PRP (later die PFP) 'n tuiste gevind het. Die eienaardige was dat daar uiteindelik twee partye bestaan het wat albei op basis van die 14 konsepbeginsels (soos deur die Kowie Marais-kommissie gewysig) gefunksioneer het. Nadat die Verenigde Party in 1977 ontbind het, is dit met die Nuwe Republiek Party vervang, terwyl die Progressiewe Reformiste Party later die Progressiewe Federale Party geword het.

Hoewel die twee partye dieselfde basiese beginsels gehad het, moes hulle beleid tog van mekaar verskil en wat hulle kultuurbelange betref, het hulle by verskillende historiese fasette van die Belgiese kultuurreëlings aansluiting gevind. Die PFP (Progressiewe Federale Party) het in sy beleidsdokument vir kultuurrade min of meer voorsiening gemaak soos hulle aanvanklik in die burgerlike samelewing in

België bestaan het, naamlik dat sodanige rade in die Senaat verteenwoordiging sou ontvang, maar met die versterking dat hulle oor betekenisvolle veto-bevoegdhede sou beskik. Die NRP (Nuwe Republiek Party waarby die Demokratiese Party ingesluit is) se keuse het onmiddellik op gemeenskapsrade geval en het met ander woorde groter bevoegdhede en funksies aan die rade toegeken, maar nooit vir enige veto-moontlikhede voorsiening gemaak nie – 'n bevoegdheid wat volgens die party groot destruktiewe magte kon ontketen tydens 'n emosionele en spanningsvolle oorgangsfase in die geskiedenis van Suid-Afrika. Verder was die NRP ook wel deeglik bewus van die anargistiese ondertone van 'n konsensusstelsel wat te ver gevoer kon word.

In hierdie verband verklaar die NRP in die beleidsdokument, wat op 14 Januarie 1980 voor die Schlebusch-kommissie gelê en in die openbaar verdedig is, dat die vier hoofgroepe van die samelewing as konstituerende dele van 'n federasie beskou sou word. Elke groep sou oor sy eie gemeenskaps- of groepsowerheid beskik wat sover moontlik by bestaande owerhede aansluiting sou vind. Hierdie gemeenskapsowerhede sou onder meer seggenskap oor sake soos gemeenskapsontwikkeling en –beplanning, onderwys, sport en ontspanning, volkswelsyn en pensioene, kultuursake en landbou en grondbesit gesag uitoefen.

Daarteenoor het die PFP die suiwerder kultuurbenadering gevolg en bloot gekonstateer dat kultuurrade in die Senaat verteenwoordiging sou kry. Op dié wyse is die konsep “kultuurrade” die partypolitieke landskap in Suid-Afrika ingedra – 'n konsep wat die toets van die tyd deurstaan en later ook in die finale grondwet van Suid-Afrika gestalte gevind het (The Constitutional Policy of the PFP 1978; New Republic Party Submission to the Parliamentary Commission of Enquiry into a New Constitution; *Volkstem*, Januarie 1980; *Volkstem*, Februarie 1980).

#### **4. DIE KWAZULU-NATAL INDATABASE KULTUURRAAD-VOORSTELLE – 1986**

As gevolg van die toenemende spanning in die land is verskeie moontlikhede ondersoek om uit die doodloopstraat te ontsnap wat die apartheidsbeleid veroorsaak het. In hierdie verband kan onder meer op die Buthelezi- en Lombard-ondersoeke en -verslae gewys word wat nuwe politieke modelle vir die Natalprovinsie in verhouding met sy totaal omringde KwaZulu-tuisland voorgestel het. Die versweë of selfs uitdruklike veronderstelling was dat wanneer drastiese demokratiese ontwikkelinge in een deel van die land van stapel gestuur kon word, dit waarskynlik 'n rimpeleffek sou hê op ander dele van die land (Buthelezi-kommissieverslag (1982); Lombard-kommissieverslag).

Vandaar dat die uitvoerende besture van die NRP-beheerde Natalse Provinsiale Raad en die Inkatha-beheerde KwaZulu Wetgewende Vergadering ooreengekom het om 'n indaba te belê om hulle toekomstige verhoudinge te ondersoek

en selfs eenwording tussen die twee geografiese gebiede aan te beveel. Die Indaba het gedurende April 1986 in Durban 'n aanvang geneem en tot laat in November voortgeduur. Dit is deur al die politieke partye in die streek (die NP as waarnemer) en 'n twintigtal burgerlike instellings van alle bevolkingsgroepe bygewoon. Selfs die toe nog verbode ANC is uitgenooi, maar het ongelukkig nie die uitnodiging aanvaar nie (Louw en Kriek 1987).

As voorsitter van die NRP se Konstitusionele Komitee is die skrywer as adviseur vir die twee NRP-afvaardigings – die Provinsiale Uitvoerende Komitee en die partyleierskap van die provinsie onderskeidelik – aangestel en het hy die Indaba van dag een af bygewoon. Kort na die aanvang van die byeenkoms is 'n konstitusionele komitee benoem waarom baie van die verrigtinge gedraai en wat ook belangrike leiding aan die vergadering gebied het.

Die Konstitusionele Komitee het onder voorsitterskap van mnr. Duchesne Grice ('n prokureur van Durban wat Inkatha verteenwoordig het) gefunksioneer en het verder uit die volgende persone bestaan: mnre. P Mansfield, D Sampson, A Louw, P Gastrow en I Bawa, asook proff. Bill Ramsden, die outeur Dan Kriek, Marinus Wiechers, Dawid van Wyk en André Louw. Die eerste sewe lede was almal van Natal, terwyl die laaste vier van UNISA was. (Wiechers, Van Wyk en Louw het in 'n latere stadium by die Indaba aangesluit.)

As lid van die Konstitusionele Komitee het die outeur kort na die aanvang van die verrigtinge voorgestel dat kultuurrade in die toekomstige provinsiale owerheidsopset plek moet kry en 'n dokument ter ondersteuning van die voorstel ter tafel gelê. Die uitgangspunt was dat die provinsie ten minste vyf kultuurgroepe huisves, maar met die oorheersende Zoeloe-bevolking in beheer van sake sou die minderheidsgroepe moontlik weinig kans gebied word om 'n eie kultuurlewe te lei. Naas die Zoeloes was daar immers 'n aansienlike Indiese, Engelse, Afrikaanse en Xhosa-teenwoordigheid in Natal.

Ter motivering van die dokument is onder meer die volgende onderwerpe as moontlike funksionele terreine vir die kultuurrade uitgelig: kultuur, aspekte van onderwys, argiewe, monumente en historiese geboue, stam- en streekowerhede, openbare en godsdienstige vakansiedae, onderlinge en internasionale kulturele samewerking, huwelikswette, familie-erfreg, administrasie van testamente en so meer. Die Indaba het die voorstel in beginsel aanvaar en dit na die konstitusionele komitee verwys vir die uitwerk van die detail. Uiteindelik het die Indaba 'n hele hoofstuk in sy aanbevelings aan kultuurrade gewy en sy besluite onder meer soos volg uiteengesit:

- “1. Cultural Councils be constitutionally recognised and entrenched.
2. These committees will deal with the protection, maintenance and promotion of the religious, language and cultural rights and interests of groups representing the principal segments of the population in the Province.

3. The Cultural Councils should *inter alia* have the following rights and powers:
  - the *locus standi* to apply to the supreme court for an order pronouncing upon the validity of any bill passed by the legislature but not yet assented to by the Governor, or any subordinate law or executive order having the force of law which the court may consider likely to infringe or affect any right or cultural interest of the group concerned or its members generally (iv).
4. Cultural Councils will *inter alia* be established on the following basis:
  - A commission consisting of three persons, one of which shall be a supreme court judge, will be appointed by the Governor on the advice of the legislature to consider applications for the establishment of cultural councils, and to supervise and control the election or nomination of members of cultural councils, with the power to grant or refuse any application (i).
  - The commission will prepare guidelines for the establishment of cultural councils, including requirements to be met by organisations and bodies interested in being represented in cultural councils. Such guidelines will be published for general notice, and for comment, recommendations and representations. (This is a form of public participation in decision-making as envisaged *inter alia* by section 5 (2) of the Bill of Rights) (ii).
  - The commission shall from time to time announce by notice in the Provincial Gazette, in newspapers and in any other way it deems fit, that cultural councils may be established in terms of the Constitution (iv).
  - Cultural councils may also be initiated by cultural bodies and organisations themselves. The procedure would be to lodge an application with the commission, whereupon the commission will be enjoined to set the procedure for the establishment of a council in motion (v).
  - As soon as possible after the return date, the commission considers the application together with all the representations received, and decides—
    - a. whether a cultural council will be established
    - b. what the name of the council will be
    - c. when the council will be officially constituted
    - d. what bodies and organisations will be represented in the council (vii).
  - The commission shall ensure, as far as possible, that there is no undue proliferation of cultural councils, and that cultural councils do not represent patently overlapping interests of any cultural group (xii).
  - Provision will be made for the establishment of a 'council of chiefs' to represent the interests of the traditional authorities. The rights, duties and functions of the council of chiefs will be the same as those of cultural councils." (KwaZulu-Natal Indaba, Constitutional Proposals, 28 November 1986.) (xiv)

Behalwe die kultuurrade het die Indaba ook vir 'n Handves van Menseregte voorsiening gemaak wat onder meer ter ondersteuning van etniese, godsdienstige, linguïstiese, kulturele en opvoedkundige regte gebruik moes word. Dit is hoofsaaklik deur Marinus Wiechers geïnisieer. Hierdie regte is in artikel 6 van die handves beskryf en onder meer ook ter ondersteuning van tradisionele gebruike en konven-

sies aanbeveel wat gewoonlik deur tradisionele howe vir swart mense gehandhaaf word. 'n Afsonderlike, maar kort afdeling is ook aan tradisionele owerhede in die Indaba-aanbevelings gewy, hoewel dit hoofsaaklik oor hulle rol in plaaslike besture gehandel het (KwaZulu-Natal Indaba, Constitutional Proposals, 28 November 1986).

Wat in hierdie verband van die grootste belang beskou moet word, is dat die Indaba kultuurraade in 'n breë lig beskou en op alle bevolkingsgroepe van toepassing gemaak het. In die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 is hierdie standpunt gehandhaaf deurdat vir kultuur- en tradisionele rade en owerhede voorsiening gemaak is om na mense se algemene kultuurbelange om te sien. Met inagneming hiervan, is dit duidelik dat die KwaZulu-Natal Indaba 'n voorloper van KODESA was, sowel wat vorm en inhoud betref en sodoende 'n merkwaardige en blywende invloed in Suid-Afrika uitgeoefen het (*The Daily News*, 3 April 1986; VP-argief, Kriek, KwaZulu-Natal Indaba; Louw en Kriek 1987).

## **5. VERDERE ONTWIKKELINGE MET BETREKKING TOT KULTUURRADE – BELANGSTELLING KRING UIT EN DIE VRYHEIDSFRONT STEUN DIE GEDAGTE**

Namate die krisis in Suid-Afrika verdiep het, het mense al dringender na idees, modelle en konstitusionele planne gesoek om die plofbare situasie in die land te besweer, maar ook vreedsaam te akkommodeer. Konferensies, dinkskrums en bosberade was aan die orde van die dag. Elkeen wat maar enigins 'n bydrae kon maak, is op die een of ander manier nadergetrek — selfs met betrekking tot die stigting van 'n volkstaat. Dit was die politieke omstandighede in die land toe daar 'n versoek van prof. Carel Boshoff van Orania-faam ontvang is om 'n kongres van die Afrikaner-volkswag gedurende Junie 1992 in Pretoria toe te spreek. (Brief namens Afrikaner-volkswag, 26 Mei 1992, Get. A Boshoff, Uitvoerende ondervoorsitter.)

Saam met 'n aantal ander sprekers moes hulle die kongresgangers oor toekomstige grondwetlike moontlikhede vir die RSA inlig. By die geleentheid is 'n algemene konstitusionele model vir die land voorgedra waarin verskeie besondere voorstelle gemaak is — onder meer dat die toekomstige hoërhuis op die Duitse model geskoei moes word wat inderdaad in die finale Grondwet van 1996 ooreenkomstig die enkele leidrade gereël is soos in die outeur se referaat uiteengesit. Tweedens is bepaal dat die uitvoerende gesag onder leiding van 'n roterende voorsitter moes funksioneer wat wou-wou deurbreek in die konstitusionele reëling dat die twee visepresidente om die beurt moes waarneem in die kabinet wanneer die president nie beskikbaar sou wees nie. Nog 'n voorstel was dat regters op aanbeveling van 'n onafhanklike regterlike kollege aangestel moes word. Die standpunt oor kultuursake was dat multikulturalisme binne 'n omgewing van ekonomiese integrasie ernstige



aandag moes ontvang en dat die twee sosiale kragte op so 'n wyse versoen moes word dat albei binne dieselfde samelewing tot hulle reg kon kom (Kriek 1993).

Die volgende kontak tussen die outeur en prof. Boshoff was in April 1994 toe hy hom per brief om advies oor die voorgenome volkstaat genader het. Oop en eerlik soos hy was, het hy sy dilemma soos volg geformuleer: “Vir my is dit van belang om te weet wat die ruimte tot die ontwikkeling van 'n volkstaat is en of u weë daarvoor kan uitstippel. Ek is bewus dat meerderheidsvestiging 'n voorwaarde is waaraan nie spoedig voldoen kan word nie” (VP-argief, brief Boshoff–Kriek, 5 April 1994).

Uitgaande van die standpunt dat die volkstaat in 'n multikulturele omgewing staanplek moes vind, dit wil sê in 'n politiek-onvriendelike wêreld, is Boshoff dienooreenkomstig geadviseer. Drie politieke modelle is aan hom voorgedra wat almal reeds in Suid-Afrika voorgestel is. Korporatiewe federalisme, konsosiatiewe demokrasie en kultuurrade is aldie as moontlikhede aangebied en dokumentasie in dié verband is aan hom gestuur – drie modelle wat uit dieselfde politiekwetenskaplike stal kom, in sekere opsigte van mekaar verskil, maar ook heelwat oorvleuel en selfs gebruik kan word om ondersteunend en aanvullend tot mekaar te funksioneer. Uit persberigte is daarna afgelei dat hy op die kultuurraadgedagte besluit het en dit met verloop van tyd ook aan sy party, die Vryheidsfront, as alternatiewe voorgedra het (VP-argief, brief Kriek–Boshoff, 4 Mei 1994).

Die kommunikasie tussen Boshoff en die outeur het uitgekling toe 'n versoek gerig is dat hy die Volkstaatraad tydens sy eerste sitting op 16 Junie 1994 toespreek. Dieselfde dag toe visepresident Thabo Mbeki die Volkstaatraad ingehuldig of gekonstitueer het, was die outeur gevolglik die eerste persoon om die Raad toe te spreek. Dit was sy taak om die volkstaters in te lig oor politieke modelle wat kulturele differensiasie in die samelewing as uitgangspunt en grondslag het. In hierdie aanbieding het kultuurrade uiteraard weer 'n plek in die ry van moontlikhede gevind om kultuurselfstandigheid in 'n veelvokige en multikulturele samelewing te bewerkstellig (Jooste in *Frontnuus*, ongedateerd).

As politieke wetenskaplike is die outeur daarna dikwels uitgenooi om op dinkskrums en selfs konferensies van die volkstaatgedagte op te tree. Later het dit boonop duidelik geword dat bogenoemde konsepte in amptelike regeringskringe ook aandag geniet het. Bewys daarvan was dat laat in 1994, toe onderhandelinge reeds ver gevorderd het, 'n versoek van die departement Staatkundige Ontwikkeling ontvang is om 'n dokument oor korporatiewe selfbeskikking, waarin kultuurrade in België 'n prominente plek ingeneem het, te beoordeel.

In sy beoordeling van die dokument is aan die departement te kenne gegee dat heeltemal met sy interpretasie van korporatiewe selfbeskikking, onder meer deur middel van kultuurrade, saamgestem word. Daar is egter gewaarsku dat dit 'n reëling is wat nie op mense afgedwing moes word nie en van toepassing gemaak moes word op diegene wat duidelik daaraan behoefte het – soos byvoorbeeld op 'n

groepering wat sterk op die stigting van 'n volkstaat aangedring het (Departement van Staatkundige Ontwikkeling, Korporatiewe Selfbeskikking, Besprekingsdokument, September 1994; VP-argief. Kriek kommentaar ... 4 Oktober 1994).

Intussen het onderhandelinge in Suid-Afrika met stampe en stote voortgegaan en uiteindelik in die tussentydse en later die finale grondwet neerslag gevind.

## **6. DIE GRONDWET VAN SUID-AFRIKA EN KULTUURRADE – 1996**

Met betrekking tot die onderhandelinge wat tot die aanvaarding van die tussentydse en finale grondwette vir Suid-Afrika gelei het, het die outeur 'n baie geringe rol gespeel. Tydens KODESA was hy adviseur van die Bophuthatswana-regering, maar is deur pres. Mangope voor 'n groot vergadering mense in die pad gestee toe hy op 24 Februarie 1994 in Mmbatho gewaarsku het dat die rooi ligte vir die tuisland begin flikker het — en dat 'n situasie kon ontwikkel waarin sy politieke stelsel nóg besluite sou kon neem nóg hulle sou kon uitvoer – 'n toestand wat binne 14 dae na die waarskuwing inderdaad 'n werklikheid geword het (Kriek 2001).

Die outeur is gedurende 1994 as adviseur vir die Grondwetskrywende Vergadering genomineer en in 1995 ook as sodanig aangestel. Vanweë 'n besoek aan Indië, asook ernstige oogprobleme daarna, kon die benoeming ongelukkig nie aanvaar word nie. Genoeg voorbereidingswerk is egter deur verskillende instansies gedoen om voorstelle met betrekking tot kultuurrade en tradisionele owerhede verder te voer en uiteindelik gestalte in die finale grondwet te laat kry (Konstitusionele vergadering, 27 Februarie 1995, brief onderteken deur Louisa Zondo, Waarnemende Uitvoerende Direkteur).

Aanvullend tot die taalreëlings van die Grondwet, bepaal artikels 30 en 31 gevolglik dat elke persoon die reg besit om die taal te gebruik en aan die kultuurlewe van sy/haar keuse deel te neem sonder om inbreuk op die bepalinge van die handves van menseregte (hoofstuk 2 van die Grondwet) te maak. Hieruit is dit duidelik dat die Grondwet nie net 'n taalpluralisme in die land erken nie, maar ook 'n gemeenskapspluralisme aanvaar en beskerm. Verder is die gemeenskapspluralisme veeldimensioneel, aangesien daar vir taal-, kultuur- en godsdienspluralisme voorsiening gemaak word.

Om hierdie pluralisme praktiese gestalte te gee, maak artikel 185 van die Grondwet voorsiening vir 'n kommissie vir die bevordering en beskerming van kultuur-, godsdiens- en taalregte van die onderskeie gemeenskappe in die land. Daarvolgens sal dit ook die kommissie se taak wees om respek vir die regte van sodanige gemeenskappe te bevorder, om vrede, vriendskap, medemenslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid op grond van gelykheid, nie-diskriminasie en vrye assosiasie tussen hulle te bevorder en te ontwikkel en om die stigting of erkenning van 'n kultuurraad vir 'n enkele gemeenskap of kultuurrade vir verskil-

lende gemeenskappe in die land aan te beveel. Dieselfde artikel meld dat 'n wet van die Parlement die kommissie se magte en funksies sal uitspel.

Die Grondwet gaan egter nog verder deur ook spesiale aandag aan tradisionele leiers te gee. In hoofstuk 12, artikels 211 en 212, word die instelling van tradisionele leierskap, sowel as sy status en rol ingevolge die gewoontereg onderhewig aan die bepalings van die Grondwet, erken. Gevolglik mag 'n tradisionele raad wat ooreenkomstig die gewoontereg opereer, bly voortbestaan. Van die howe word ook verwag om die gewoontereg, waar toepaslik, onderhewig aan die Grondwet toe te pas. (Volgens prof. Andreas van Wyk van Stellenbosch verwys die gewoontereg hier na die gewoontes en gebruike van die kultuur van die betrokke groep mense, *Beeld, Sake-Beeld*, 7 April 2009, p. 10.)

Nasionale wetgewing is deur die Grondwet in vooruitsig gestel met betrekking tot die funksionering van tradisionele leierskap op plaaslike en sentrale vlak. Nasionale of selfs provinsiale wetgewing mag verder ook voorsiening maak vir die instelling van huise van tradisionele leiers.

Die Parlement het in 1994 reeds 'n wet aanvaar oor 'n raad vir tradisionele leiers, maar in 1996 weereens aandag aan die saak gegee toe die “Council of Traditional leaders Bill”, Wet 25, bespreek is. Sedertdien het verskeie provinsiale huise van tradisionele leiers en selfs 'n nasionale huis van tradisionele leiers tot stand gekom. Die Oos-Kaap, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, Noord-Wes, Vrystaat en Limpopo het almal huise van tradisionele leiers wat vergelykbaar is met die “Council of Chiefs” wat in 1986 deur die KwaZulu-Natal Indaba voorgestel, maar deur die destydse regering summier verwerp is toe die Indaba-voorstelle aan hom voorgelê is (Die Suid-Afrikaanse Grondwet, 1996).

## **7. DIE KOMMISSIE VIR DIE BEVORDERING EN BESKERMING VAN KULTUUR-, GODSDIENS- EN TAALREGTE**

Soos in die vorige afdeling aangetoon, moet daar ooreenkomstig die Grondwet van 1996 'n kommissie vir die bevordering en beskerming van kultuur-, godsdiens- en taalregte aangestel word en ook 'n wet aanvaar word wat op verwante aangeleenthede betrekking het. Die kommissie van 18 lede, met dr. Mongezi Guma as voorsitter en me M Bethlehem as ondervoorsitter, is deur president Mbeki benoem en die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, Wet 19 van 2002, is deur die Parlement aanvaar. Op dié wyse is daar van die konseptuele na die operasionele dimensies van 'n aangeleentheid beweeg wat dekades lank reeds aandag in Suid-Afrika geniet het. Voorgenoemde kommissie is gedurende 2008 hersaamgestel.

Maar net soos daar by die KwaZulu-Natal Indaba uitdruklik wegbeweeg is van 'n hoofsaaklik Westerse kultuurreëling om ook tradisionele Zoeloe- en ander

kultuurinstellings en –gebruike by sy voorstelle in te sluit, het die kommissie van ’n parogiaal Suid-Afrikaanse beskouing na eerstens ’n Afrika-beskouing en tweedens selfs ’n wêreldbeskouing van kultuuroppvatting, -gebruike en -instellings beweeg om sy grondwetlike opdragte uit te voer. Gevolglik vind ’n mens in sy jaarverslae verwysings na die Afrika Kultuurhandves van 1976 (toevallig dieselfde jaar toe die Kowie Marais-kommissie sy besprekings oor kultuur rondom die Belgiese kultuurraad laat wentel het), die Afrikahandves vir Menseregte, die Afrika-Unie Aksieplan vir 2002-2004 as Aksie-area 6: Kultuur/Prioriteit Program 23: Kulturele Renaissance, asook na die UNESCO Universele Verklaring oor Kultuurverskeidenheid.

Uit hoofde van hierdie klemverskuiwings of -uitbreidings, word dit in die jaarverslae duidelik dat die kommissie se werksaamhede ’n sterk Afrika-fokus gekry het en in die 2007/2008-verslag word daar uitdruklik verklaar dat een van sy hoofuitdagings is om die tendens dat Suid-Afrika as ’n Europese buitepos beskou word, te transformeer. Met betrekking tot die ontwikkeling van ’n inklusiewe nasionale kalender word in dieselfde verslag byvoorbeeld verklaar dat “the project seeks to engage South Africa in re-orientating society from the Western mode of operation to adoption of an African worldview” (Jaarverslag 2007/2008, pp. 3 en 16).

In hierdie verband kom daar dan vrae soos die volgende na vore: Wat is Afrika en hoe moet dit verstaan word? Wat maak iemand inherent ’n Afrikaan? En hiervoor moet dan nuwe instrumente, nuwe konstruksies en selfs nuwe paradigmas tot stand gebring word waardeur finaal bevestig kan word wat werklik of waarlik “African” is! (Jaarverslag 2006/2007, p. 14).

’n Tema wat herhaaldelik in die jaarverslae tot uiting kom, is dié van nasiebou. Die kommissie doen niks buite die oogmerk om ’n eensgesinde en sterk nasiebewuste Suid-Afrika tot stand te bring nie. Al sy aktiwiteite moet tot nasiebou bydra en word trouens as toetssteen vir die bereiking van sy doelwitte beskou. Eenheid binne verskeidenheid is die wagwoord en die reënboognasie moet by uitstek ’n vergestaltung van hierdie ideaal wees.

Vir sy daaglikse werksaamhede het die kommissie die volgende komitees tot stand gebring:

- Onderzoek en konflikoplossing
- Navorsing en beleidsontwikkeling
- Openbare opvoeding en voorspraak (“advocacy”) en
- Gemeenskapskonsultasie.

Met voorgenoemde instrumente in plek, is die kommissie in staat om van die konseptuele en operasionele na die eksistensiële aspekte van sy taak en funksies te beweeg. En soos te verwagte, word aan alle fasette van kultuur, godsdiens en taal binne die raamwerk van die grondwet aandag gegee. Klagtes en konflikte oor kultuur, godsdiens en taal word byvoorbeeld ondersoek en besleg; aandag word gegee aan aspekte soos inisiasie, besnyding en maagdelikheidstoetse; huwelike,

geweld teen vroue en kinders en familiegebruike; begrafnisse, begraafplase en toegang tot sodanige aktiwiteite en plekke; openbare en godsdienstige vakansiedae en selfs 'n nuwe kalender; die gebruike en instellings van die San en die Koi; opvoeding, godsdienstbeoefening en ontspanning; die rituele slagtings van diere; samelewingswaardes soos vrede, respek, harmonie en wysheid; nasiebou, afrikaniëring en transformasie en nog talle ander aspekte van kultuur, godsdienst en taal – te veel om alles hier op te noem.

Wat opval, is hoe wyd die kommissie oorleg pleeg. Niemand word oor die hoof gesien nie. Munisipale, provinsiale en die sentrale owerhede word almal geraadpleeg, betrek, ingelig en geadviseer. Owerheidsdepartemente en ander openbare en privaat-instellings se menings word deeglik in aanmerking geneem. Opmerklik is ook dat hoofmanne, provinsiale huise van tradisionele leiers en selfs die nasionale huis van tradisionele leiers gekonsulteer en by relevante aktiwiteite ingeskakel word (Annual Report 2006/2007. CRL Rights Commission en Annual Report 2007/2008. CRL Rights Commission).

Wat egter ook opval, is dat die kommissie blykbaar nog nie daarin geslaag het om gemeenskapsrade (of ook kultuurrade soos in die Grondwet genoem) aan te beveel en tot stand te help bring om sy funksies aan te vul en verder uit te bou nie. Bestaande instellings speel wel 'n rol, maar verder as dit is nog nie gevorder nie. Gevolglik word gevind dat buite om die kommissie se aktiwiteite en buite om die voorskrifte van artikel 185 van die Grondwet daar ontwikkelinge plaasgevind het waarby lede van die kommissie in 'n heeltemal privaat en nie-amptelike hoedanigheid 'n rol gespeel het, byvoorbeeld instellings soos die Afrikaanse Taalraad (2008) en pogings tot die opstel van die Handves of Akte vir Religieuse Regte (2005-2008) wat in die onlangse verlede tot stand gebring is of aandag ontvang het. (Inligting verkry van dr. JCH Landman, lid van die kommissie.) Met betrekking tot een van sy heel belangrikste funksies, soos deur die Grondwet aan hom opgedra, het die kommissie dus nog heeltemal in gebreke gebly om 'n substansiële bydrae te maak.

'n Ander opsig waarin die kommissie tekort geskiet het ten opsigte van sy wetlike opdragte, is om wetgewing te ondersoek wat 'n invloed op die regte van kultuur-, religieuse en taalgemeenskappe kan uitoefen en aanbevelings aan die betrokke owerhede in dié verband te doen. Vanweë verskillende tekortkominge wat die Asmakommissie van ondersoek in die werksaamhede van hierdie en ander kommissies gevind het, word aanbeveel dat genoemde kommissie moontlik met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en later selfs met die Menseregtekommissee geamalgameer word om meer effektief te kan funksioneer (Report of the *ad hoc* Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions, 2007, pp. 133-144; Kyk ook Indabavoorstelle 3 (iv) soos onder subhoof 4 in hierdie artikel voorgelê).

Hoewel daar hoegenaamd nie 'n volledige oorsig oor die kommissie se werksaamhede en probleme gegee kan word nie, word nietemin 'n indruk geskep van

watter wye sfeer van aktiwiteite en verpligtinge, en selfs verantwoordelikhede, onder die gesag van hierdie grondwetlike instelling plaasvind. Daarmee het die lang pad waarvolgens spesiale aandag aan kultuur-, godsdiens- en taalaangeleenthede binne die plurale samelewing van Suid-Afrika op amptelike vlak gegee moet word, voorlopig 'n hoogtepunt bereik, maar in sekere opsigte ongelukkig ook in 'n groot mate gefaal.

## 8. **BESPREKING EN EVALUERING**

Ten aanvang moet daarop gewys word dat die praktyk om kultuur- of gemeenskapsrade amptelike status in die konstitusie en die staatsopset te gee, uit die omstandighede spruit waar daar wedyering en spanning tussen verskillende kultuurgroepe in 'n land bestaan. Dit geld nog meer wanneer minderheidsgroepe bedreig voel deur 'n oorweldigende meerderheid van 'n ander kultuur wie se toekomsgedrag nie heeltemal voorspelbaar is of gepeil kan word nie. Verder: dit geld beslis wanneer 'n kultuurimperialisme binne 'n bepaalde land sodanige afmetings aanneem dat ander kulture in dieselfde land met die moontlikheid van dominasie of totale uitwissing bedreig word.

Uit die voorafgaande bespreking het dit ook duidelik geword dat 'n konsep wat deur 'n sterwende Verenigde Party die wêreld ingestuur is met verloop van tyd so wyd aanvaar is dat selfs die springlewendige en lewenskragtige African National Congress oorreed kon word om dit in die finale grondwet van Suid-Afrika te laat inskryf – 'n party wat daarop roem dat hy die skepper van die nuwe grondwet is, aangesien dit onder sy leiding deur die Grondwetskrywende Vergadering geskryf en aanvaar is.

Verder blyk dit dat die Indaba-voorstelle oor kultuurrade 'n deurslaggewende invloed op die bepalinge van die Grondwet van 1996 uitgeoefen het. Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kultuur-, Religieuse en Taalregte vind sy eweknie in die kommissie van drie lede met 'n regter as voorsitter wat in 1986 in Durban voorgestel is. Die wye spektrum van bevoegdhede en funksies wat in die Indaba-voorstelle tot uiting gekom het, vind self ook duidelike weerklank in die 1996-reëlins.

Gedurende die verdere verloop van sake het dit egter ook duidelik geword dat kultuur- en gemeenskapsrade vir swart mense op 'n wye front erken of tot stand gebring is en op sowel plaaslike, provinsiale en sentrale vlak funksioneer. In 'n artikel van Andreas van Wyk word bevestig dat die gewoontereg waarop hierdie instellings volgens die Grondwet berus, met gewoontes en gebruike te make het wat uit die kultuur van die betrokke mense afkomstig is en ernstige aandag in howe en ander instellings behoort te ontvang. Dit het egter ook duidelik geword dat minderheidsgroepe, en meer spesifiek die Afrikaanse groepe, nie juis noemenswaardige vordering in dieselfde

rigting gemaak het nie. En die vraag ontstaan dan natuurlik: waarom nie? Het dit nie tyd geword om antwoorde op hierdie vraag te probeer vind nie?

Om mee te begin kan dalk weer na die Belgiese ervaring gekyk word waarvandaan die voorbeeld vir die stigting van kultuur- en gemeenskapsrade in Suid-Afrika oorspronklik gekom het. Met die outeur se eerste besoek aan die land in 1977 het mnr. Manie Ruys, die redakteur van *De Standaard*, 'n Brusselse koerant, aan hom verduidelik dat die gedifferensieerde politieke stelsel daarop gemik was dat Vlaandere mettertyd van Wallonië moes wegbreek en aansluiting by Nederland moes bewerkstellig. Instellings vir Vlaminge kon dus as mobiliseringsinstrumente vir die ontwikkeling van 'n aggressiewe nasionalisme ingespan word om die Belgiese staat te vernietig, die Nederlandssprekendes in Vlaandere by Nederland en die Franssprekendes in Wallonië uiteindelik by Frankryk in te skakel. Aangesien die twee kultuurgroepe in 'n baie groot mate elk 'n eie geografiese gebied bewoon, sou dit 'n afkraking ooreenkomstig kultuurlyne nie onmoontlik maak nie.

Hoewel die huwelik tussen Vlaandere en Wallonië nie 'n baie gelukkige een was nie, het die egskedding tog nooit plaasgevind nie. Na soveel jare is die twee groepe nog steeds bymekaar en moet die Brusselse situasie waarskynlik daarvoor verantwoordelik gehou word. Sou hulle werklik wou skei, is daar twee moontlikhede beskikbaar. Die eerste is dat die twee geografiese gebiede bloot net as basisse vir die skeiding gebruik word, maar met die implikasie dat Vlaandere met 'n groot Franse minderheid in sy geledere sou bly sit wat vir die Wallone in elk geval totaal onaanvaarbaar sou wees. Andersins kan Brussel uit die hart van Vlaandere gesny word om by Wallonië te bly, aangesien die Franssprekendes in elk geval 'n meerderheid in die stad het. Dit sou egter beteken dat Vlaandere sy eie sowel as die Europese hoofstad sou moes prysgee en met 'n kleiner grondgebied tevrede sou moes wees, wat klaarblyklik net 'n te groot prys sou wees om te betaal.

Die uiteinde van die saak is dat die ongelukkige huwelik bly voortbestaan aangesien geografiese, demografiese, ekonomiese en internasionale faktore 'n afskeiding onwenslik of onmoontlik maak. Kultuur- of gemeenskapsrade kan dus maar funksioneer en bly voortbestaan omdat hulle nie werklik 'n gevaar vir die integriteit van die Belgiese staat inhou nie.

Dit bring 'n mens by die situasie in Suid-Afrika wat die vraag laat ontstaan of die kultuurraadvoorstanders miskien nie te nou gekoppel is aan die volkstaattedagte wat 'n onafhanklike politieke eenheid as uiteindelige doelwit het nie. Na analogie van die Belgiese voorbeeld kan die Afrikaanse kultuur- of gemeenskapsraad maklik gebruik word om nasionale gevoelens ten gunste van die volkstaat te bewerkstellig en 'n uittog van Afrikaners na Orania te bepleit. Dit kan weer twee gevolge meebring – enersyds dat rasse- en kultuurverskille problematiese onderlinge verhoudinge kan veroorsaak en andersyds dat Suid-Afrika en Orania in 'n zero-somverhouding teenoor mekaar te staan kan kom. Grondgebied en mense wat Orania wen, word

deur Suid-Afrika verloor. Dit is uiteraard ook so dat grondgebied en Afrikaners wat Suid-Afrika behou, vir die volkstaat neusie verby is.

'n Ander moontlikheid is dat die ongevraagde en onverkwiklike wedywing tussen groepe binne Afrikanergeledere 'n te slegte smaak in besluitnemers se monde gelaat het om die gedagte van 'n kultuur- of gemeenskapsraad ter wille te wees. Die wyse waarop die FW de Klerk/Francois Venter-koalisie uit die halfgestorwe NNP/Broederbond-stal teenoor die Viljoen/Mulder-koalisie uit die VF/Broederbond-stal (of was dit 'n Toekomsbesprek-stal?) te staan gekom het om 'n hand of selfs beheer oor die te stigte Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte te kry, het mnr. Mbeki dalk so die skrik op die lyf gejaag dat hy besluit het om genoemde kommissie eerder vir nasiebou te laat gebruik as om met nog 'n onderlinge Afrikanertwis ook op sy hande te sit – 'n Afrikanertwis wat met vertroulike vergaderings, 'n besoek aan die president en vrae in die Parlement gepaard gegaan en heelwat bitterheid veroorsaak het. Dit is bekend dat die President boonop sy hande so vol gehad het met tradisionele instellings wat meer magte gesoek het (die munisipale verkiesing van 5 Desember 2000 is as gevolg hiervan driekeer uitgestel), dat hy moontlik nie kans daarvoor gesien het om die Afrikaners ook nog op sy nek te haal nie! (Kriek 2003).

Dit is ook bekend dat regerings in Afrika baie huiwerig is om godsdiens-, etniese en stamverdelings vrye teuels te gee as in gedagte gehou word wat in Ruanda, Darfoer, Kenia en Zimbabwe gebeur het – of nog steeds besig is om te gebeur. Afrika was nog altyd 'n kruitvat van etniese en stamtwiste en as daarby ook nog 'n Afrikanertwis of dalk erger, 'n ongebreidelde Afrikaner-nasionalisme losgelaat word, is dit duidelik waarom die ANC koue voete vir die te stigte kultuur- en gemeenskapsrade gekry het.

Afrikaner-verdeeldheid het meermale in die geskiedenis tot geweld gelei – soos bvoorbeeld deur die Rebelle van 1914 en die geweld tydens die Tweede Wêreldoorlog (WO) van 1939-1945 bewys is – asook tussen die NP-regering en die Afrikaner-Weerstandsbeweging kort voor die demokratiese oorgang gebeur het. Hierbenewens het Afrikaner-nasionalisme ook nog deurgaans die neiging gehad om gedeeltelik ondergronds te gaan, maar ook om na vreemde ideologieë uit te reik wanneer dit onder druk verkeer het. So het Hertzog in 1917 by die Russiese Revolusie en Bolsjewisme vlerkgesleep en sommige Nasionaliste tydens die Tweede Wêreldoorlog by die Duitse Nasionaal-Sosialisme aansluiting gevind. In eersgenoemde geval het dit premier Hertzog in 1924 gehelp om met die hulp van arbeiders, sosialiste en waarskynlik ook kommuniste aan bewind te kom en in laasgenoemde geval moes Smuts beperkende maatreëls op sommige Afrikaanse amptenare plaas om te verhoed dat vreemde waardes en norme die Suid-Afrikaanse regime binnegesmokkel word. (Die gewelddadige staking van 1922 wat Smuts met geweld beantwoord het, was gedeeltelik onder kommunistiese invloed en beheer.) Uiteindelik



het onbeheerste nasionalisme in die apartheidsbeleid neerslag gevind, die Afrikaanse kerke tot propaganda-instrumente omskep, 'n verouderde Europese rasseteologie as dryfveer gebruik en 'n laevlak burgeroorlog veroorsaak voordat 'n demokratiese bestel vir Suid-Afrika tot stand gebring kon word (Kriek 1971; VP-argief, Kriek-versameling, Afrikaner-Broederbonddokumente tydens Wêreldoorlog II).

Daar kan inderdaad gevra word of die skuld vir die probleme dan net van een kant kom? Die ANC se houding teenoor Afrikaanse instellings getuig nie juis van entoesiastiese welwillendheid en vriendelikheid nie, veral nie as in aanmerking geneem word dat baie Afrikaners nooit apartheidsondersteuners was nie. Boonop is Afrikaans as taal sover deur die meeste swart leiers geïgnoreer, Afrikaanse skole en universiteite na bewering onder druk geplaas, Afrikaanse plek- en straatname blykbaar geteiken en die rassekaart meermale gespeel om 'n argument te wen. Die onbetwiste positiewe bydrae wat Afrikaners, en trouens alle blankes, deur meer as drie eeue op menige terreine gemaak het, word verswyg of doelbewus onderspeel. En is dit, in die lig hiervan, dan nie heeltemal te verstane waarom die ANC-regering weier om vir homself 'n lat te pluk waarmee hy deur woelgeeste en onrustige kultuurmobiliseerders (dalk selfs deur kulturele heethoofde en plofkoppe) gekasty of lastig geval kan word nie?

Meer nog: is die kultuur-, godsdiens- en taalbenadering wat die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte volg nie juis 'n bevestiging van die rede waarom die verskansing van genoemde aangeleenthede in die Grondwet vereis word nie? As Westersgeoriënteerde kultuuruitinge die skyf van die kommissie word en ten prooi van 'n sterk Afrika-uitgangspunt ingeboet moet word, skep dit juis die onrustigheid en vrese wat gewoonlik op die aandrang uitloop dat kultuur- en gemeenskapsrade gekonstitusioneel moet word en op die wyse buite die veranderlikheid en wispulturigheid van die daaglikse partypolitieke woelinge geplaas moet word.

Of is dit eenvoudig 'n besef dat daar nog baie gedoen moet word om die speelveld werklik gelyk te maak? Op politieke gebied speel almal reeds saam, maar op kultuurgebied is die veld nog baie hobbelrig, om van die ekonomiese speelveld nie eens te praat nie. En dan is dit tog ook so dat (by wyse van spreke) elke gebou in die stad en elke pad of straat in die land met swart hande gebou is. En het hulle altyd erkenning daarvoor gekry?

Maar wat is dan die oplossing vir 'n probleem wat blykbaar van beide kante aangestig word – óf uitdruklik óf stilswyend óf by implikasie? Die antwoord is eenvoudig dat kultuur gesien moet word vir wat dit is – 'n natuurlike menslike skepping om ten volle mens te wees. Om as deel van jou eie geskiedenis aanvaar te word en jou innerlike belewenisse, gewaarwordinge en gedagtes in jou eie taal uit te druk. Om op jou natuurlike, religieuse, estetiese en simboliese omgewing te reageer ooreenkomstig jou bepaalde behoeftes, vermoëns en potensiaal en om jou

skeppingsdrang ter wille van jousef en die verryking van ander mense aan te wend. Om lojaal en patrioties teenoor jou eie verblyfplek te wees, dienooreenkomstig te leef en op te tree en dit ook aan andere te gun. Om politiek en ekonomie op 'n wyse te bedryf wat jousef en andere in staat sal stel om 'n menswaardige bestaan te voer – met ander woorde om te leef en te laat leef. Om kleur en glans en glorie aan 'n reënboognasie te verleen waar die een skakering in die ander invloei sonder dat 'n breuk regtig sigbaar word of 'n onderbreking die instandhouding van die geheel bedreig, in gevaar stel, bederf of uiteindelik totaal vernietig.

Wanneer almal besiel word met die ideaal om vreedsame naasbestaan te bevorder, om andere te dien in 'n land waaraan ons almal verbind is met die wete dat die geheel groter as die som van sy dele is, kan kultuur-, godsdiens- en taalrade gebruik word om 'n natuurlike balans in die samelewing te bewerkstellig, maar ook om elkeen 'n welkome staanplek in sy eie land te laat geniet en 'n voller en ryker kultuur-, godsdiens- en taallewe aan almal te voorsien.

## **BRONNELYS**

Akte van Oprigting en Statuut van die Afrikaanse Taalraad.

Annual Report 2006/2007, CRL Rights Commission.

Annual Report 2007/2008, CRL Rights Commission.

*Beeld*, 6 Oktober 1976, 7 November 2009.

Buthlezi Commission 1982. The requirements for stability and development in KwaZulu and Natal, Vol. I & II (Durban: H & H Publications).

*Citizen*, 6 Oktober 1976.

The Constitutional Policy of the PFP – Report of the Constitutional Committee of the PFP and Policy Decisions taken by the Federal Congress of the PFP in Durban on 17th and 18th November 1978. (Onder voorsitterskap van F van Zyl Slabbert.)

*Daily News*, 3 April 1986.

Departement van Staatkundige Ontwikkeling, Korporatiewe Selfbeskikking, Besprekingsdokument, September 1994.

Jacobs GF 1985. *Beckoning horizons, an autobiographical view of our times* (Jonathan Ball Publishers), p. 237.

Jooste C. Tydskrif van die Vryheidsfront: *Frontnuus*, Spesiale Uitgawe (ongedateerd), pp 12-13. Dr. Jooste se opsomming van konstitusionele modelle stem naastenby ooreen met die outeur se aanbieding van 16 Junie 1994.

Kommissie vir die bevordering en beskerming van Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte. Jaarverslag 2006-2007 en 2007-2008.

Kriek DJ 1996. “Die akkommodering van taal-, kultuur- en etniese groepe in die politieke stelsel”, *Politikon* 22(2), pp. 34-52.

Kriek DJ 1978. “Enkele gedagtes oor die teorie en praktyk van federalisme”, *Politikon* 3(2), Desember, pp. 188-205.

Kriek DJ 1982. “Federale staatsvorme”, Van Vuuren DJ en Kriek DJ (reds.) *Politieke alternatiewe vir Suid-Afrika. Grondslae en perspektiewe* (Macmillan, Suid-Afrika), pp. 178-180.

Kriek DJ 1998. “Federalisme/konfederalisme as opsie (vir die Afrikaner?)”. Konferensie: *Christelike geloof en politiek* (Aangebied deur die Onafhanklike Navorsingsinstituut: VF, 16-18 April), pp. 123-136.

Kriek DJ 1971. Genl. JBM Hertzog se opvattinge oor die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes na Uniewording (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, hoofstuk VIII).

Kriek DJ 1993. “Grondwetlike vooruitsigte vir die Republiek van Suid-Afrika”, *Politeia* 12(1) (Referaat gelewer voor die Kongres van die Afrikanervolkswag, 1992), pp. 30-38.

Kriek DJ 2001. “My lewensloop, ’n gesins- en familieperspektief” (ongepubliseerde outobiografiese manuskrip).

Kriek DJ 2003. “Die Suid-Afrikaanse Grondwet 1996 (Wet 108 van 1996): Geografiese en korporatiewe eienskappe”, *Politeia* 22(2), pp. 94-107.

KwaZulu-Natal Indaba, *Constitutional proposals*, 28 November 1986.

Lombard JA (final editor) s.a. Bureau for Economic Policy and Analysis. University of Pretoria. Alternatives to the Consolidation of Kwazulu, Progress Report.

Louw A du P en Kriek DJ 1987. “Die KwaZulu-Natal Indaba: ’n Oorsig oor die werksaamhede”, *Politikon* 14(1), Junie, pp. 26-41.

New Republic Party Submission to the Parliamentary Commission of Enquiry into a New Constitution (*Volkstem*, Januarie 1980).

Onderhoud 2008: dr. JCH Landman, lid van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte, Oktober.

Parliament of the Republic of South Africa, 2007. Report of the *ad hoc* Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions.

*Pretoria News*, 5 Oktober 1976 en 29 Oktober 1976.

*Rand Daily Mail*, 6 Oktober 1976, 9 November 1976, 18 November 1976, 25 November 1976 en 21 Desember 1976.

Suid-Afrikaanse Grondwet, 1996, Wet 108 van 1996.

*Transvaler*, 28 Oktober 1976.

UNISA, VP-argief. D Kriek-versameling 1939-1996. Korrespondensie oor Kultuurraad-voorstelle, asook KwaZulu-Natal Indaba, Kowie Marais-kommissie, AB-dokumente tydens Wêreldoorlog II, die Afrikanervolkswag en ander relevante navorsingstof.

Van Wyk A 2009. “Mevv Zuma te danke aan gemenegereg”, *Sake-Beeld*, 7 April.

*Volkstem*, Oktober en November 1976, Januarie 1977, Januarie en Februarie 1980.